

God se doel met die skepping (OP120)

Gen 1:1-31

12 Maart 2023

Laasweek het ons begin met 'n studie vanuit die boek Genesis. Ek het aangedui een rede vir hierdie studie is omdat Genesis heelwat dele van God se verbode beskryf, en dit dus sodoende nou aansluit by ons studie uit Hebreërs. 'n Ander rede is dat daar in Op 21 en 22 heelwat aspekte genoem word wat nie meer op die nuwe aarde sal bestaan nie, maar waarvan die ontstaan juis in Gen 1 en 2 bespreek word. 'n Bestudering hiervan behoort baie by te dra tot 'n goeie begrip van die Bybel as geheel.

Ons het begin om oorsigtelik na Gen 1 en 2 te kyk. Ek het uitgewys dat daar heelwat oënskynlike probleme is as jy Gen 1 en 2 lees. Dit lyk of daar logiese teenstrydighede in hierdie hoofstukke bestaan. Die gevolg hiervan is dat daar baie debat aan die gang is oor hoe om hierdie oënskynlike teenstrydighede aan te spreek. Ons het egter gesien dat dit belangrik is om te verstaan watter tipe genre Gen 1 en 2 is – en om te verstaan dat die genres van die twee hoofstukke verskillend is. Uit die bestaan van die sogenaamde toledots deur die loop van die boek Genesis, het ons afgelei dat Gen 2 eerder 'n narratief is soos die res van die boek. Gen 1 se genre verskil egter hiervan. Collins beskryf Gen 1 as “exalted prose narrative” – dus verhewe geskiedenis. Ons sal die twee hoofstukke dus verskillend moet lees, en dit help om van die oënskynlike teenstrydighede aan te spreek. Verder het ons ook gesien dat die doel met Gen 1 veel eerder is om klem te lê op die feit dat God die Skepper is, asook die doel waarvoor God geskep is, as om te beskryf hoe God alles geskep het. Dit beteken ons moet versigtig wees om Gen 1 nie te letterlik te interpreteer nie.

Ons het ook kortliks by Gen 1:1 stilgestaan: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep”. Hier het ons geleer daar was 'n begin. Voor die begin was daar niks of niemand nie – behalwe God self. God het alles, die hemel en die aarde, dus uit niks geskep. Alles wat bestaan is deur God geskep.

Ons het ook begin om te kyk na die doel waarvoor God die hemel en die aarde geskep het. Ons het tot die slotsom gekom dat God se oorkoepelende doel met die skepping is om dit as die plek of die omgewing te gebruik waar Hy verheerlik moet word. Natuurlik word God in die skepping as sulks verheerlik, maar in besonder is die skepping die plek waar God baie mense sal lei tot die punt waar hulle Hom sal verheerlik. Vandag wil ek in meer detail hierna kyk deur nie net te fokus op God se oorkoepelende doel nie, maar deur te kyk na die doel van die verskillende dele van die skepping soos wat dit vir ons in Gen 1 beskryf word, en hoe dit bydra tot hierdie oorkoepelende doel.

Ses Skeppingsdae: God se doel met verskillende dele in Sy skepping (Gen 1:1-31)

Ek gaan poog om 'n geheelbeeld te vorm van wat God in Genesis 1 kommunikeer. Kom ons begin deur eers oorsigtelik te kyk na die struktuur van die hoofstuk. Duidelik word die hoofstuk se struktuur oorheers deur die opeenvolgende bespreking van elk van die ses skeppingsdae. Ek kom netnou terug na dag 1, maar kom ons kyk net eers na die ander vyf dae: Dag 2 word vir ons beskryf in verse 6-8. Die beskrywing begin met: “God het gesê...” (v6) en dit word afgesluit met “En dit was aand en dit was oggend – 'n tweede dag” (v8). Dag 3 word beskryf in verse 9-13. Weer begin die beskrywing met “God het gesê...” (v9), en weer word dit afgesluit met “En dit was aand en dit was oggend – 'n derde dag” (v13). Ons sien presies dieselfde struktuur vir die vierde dag (v14-19), die vyfde dag (v20-23) en die sesde dag (v24-31). Kom ons keer nou terug na dag 1. Die vraag is waar begin en eindig die beskrywing van die eerste dag. Duidelik is die einde van dag 1 in vers 5: “En dit was aand en dit was oggend – dag een”. Maar waar is die begin van dag 1? Is dit in Gen 1:1, of is dit

in Gen 1:3? As jy die struktuur van al die ander dae in gedagte hou, moet jy die gevolgtrekking maak dat dag 1 in Gen 1:3 begin. Dit laat die vraag ontstaan wat beteken Gen 1:1-2 dan? Is Gen 1:1-2 moontlik 'n opsommende openingstelling wat gemaak word voordat ons die detail begin lees van God as Skepper van die verskillende dele van die hemel en die aarde? Dit lyk onwaarskynlik. Immers beskryf vers 2 die skepping as woestyn, leeg en donker. As God se skeppingswerk afgehandel is teen die einde van vers 31, is die aarde allermens woestyn, leeg en donker. Gen 1:1-2 kan dus nie net 'n opsommende openingstelling wees nie. Let verder daarop dat Gen 1:3 begin met “en God het gesê...”. Die “en” suggereer dat wat volg in vers 3 volg op vers 1-2. Dit kan óf chronologies volg, óf dit kan volg in terme van betekenis. Ek is oortuig ons moet verstaan verse 1-2 gaan die ses skeppingsdae vooraf. Dit beteken voor dag 1 het God reeds die hemel en die aarde geskep. Dit strook ook met die detail van die inhoud van die ses skeppingsdae: Soos wat ons sal sien word daar nêrens tydens die ses skeppingsdae gesê dat die aarde geskep is nie – die inhoud van hierdie dae aanvaar dat ten minste die aarde alreeds bestaan het voor dag 1. Ek kom later hiernatoe terug.

Kom ons kyk nou na die detail van die ses skeppingsdae in Genesis 1:3-31. Die eerste ding wat jou opval is die reëlmatige patroon waarin elke skeppingsdag beskryf word:

- Ons het reeds verwys na elke dag wat begin met: “(En) het God gesê:”. Dan volg die detail van wat God gesê het. Kyk na verse 3, 6, 9, 14, 20 en 24.
- Hierna volg 'n stelling wat aandui dat wat ookal God gesê het, het gebeur. Kyk na die stelling “En daar was lig” in vers 1, of “Dit het toe so gebeur” in verse 7, 9, 11, 15, 24 en 30.
- Vervolgens is daar 'n beskrywing wat addisionele inligting gee oor die gebeure van daardie dag. Dit kan inligting wees soos name wat God gee (“dag” en “nag” op dag 1, “hemel” op dag 2, “aarde” en “see” op dag 3), of spesifieke opdragte wat God gee aan die skepsel wat op 'n spesifieke dag gemaak is (sien detail hieronder), of detail oor wat gemaak is (bv. verskillende plantsoorte op dag 3, verskillende landdiere op dag 6).
- Op vyf skeppingsdae word die stelling gemaak “God het gesien dat dit goed is” (verse 10, 12, 18, 21, 25). Die sesde dag sluit boonop die stelling “en kyk, dit was baie goed” in (vers 31).
- Op sommige skeppingsdae is daar meer as een skeppingshandeling (dag 3: skeiding van see en aarde, asook skepping van plante, dag 5: skepping van seediere en voëls, dag 6: skepping van landdiere en die mens).
- Elke skeppingsdag word afgesluit met die stelling: “Dit was aand en dit was oggend, 'n ...de dag” (verse 5, 8, 13, 19, 23 en 31).

As ons in meer detail kyk na wat op elke dag gebeur, is daar nog 'n paar interessante aspekte wat na vore kom.

- Die eerste 3 dae word gekenmerk deur die feit dat op al drie skeiding plaasvind.
 - Op dag 1 lees ons dat God “lig” en “donker” skei (v4). Volgens vers 2, was die aarde donker. Dan skep God lig en Hy skei die lig van die donker.
 - Op dag 2 skei God water van water (v6). Volgens vers 2 was die aarde bedek met water. God skep dan die “gewelf”, oftewel die “hemel”. Destyds is die “gewelf” beskou as 'n harde koepel wat die aarde oordek het. Daar is geglo dat daar bo hierdie koepel water was, en wanneer dit reën, maak God sluise in hierdie koepel oop en die water val op die aarde. Volgens hierdie verstaan van die hemelruim het God op dag twee die water wat die aarde bedek het, geskei in twee dele (v2) – een deel bo die gewelf of die koepel, en die ander deel onder die koepel op die aarde. Die water bo die koepel is wat ons sou beskou as wolke of vogtigheid in die atmosfeer.

- Op dag 3 skei God die water wat onder die gewelf is, dus die water wat op die aarde is, van die droë grond, oftewel die land (v9 en 10). So ontstaan die “land” en die “see”.
- Die laaste 3 dae word gekenmerk daardeur dat die skepsels van elke dag telkens ‘n opdrag ontvang.
 - So word die son en maan op dag 4 geskep om lig te gee en om te heers oor die dag en die nag (v17-18). Hulle is aangestel as tydhouders deurdat hulle moet aandui wanneer dit dag of nag is, asook om jare en seisoene aan te dui (v14). Dit is hulle opdrag.
 - Op dag 5 word die voëls geskep en hulle kry die opdrag om te vermeerder en die land (en lugruim) te vul. Die seediëre moet ook vermeerder en die see vul (v22).
 - Op dag 6 ontvang die mens spesifieke opdragte. Hulle word na God se beeld geskep. Hulle opdrag is om vrugbaar te wees te vermeerder, en hulle moet ook die aarde onderwerp en heers oor die diere wat God gemaak het (vers 27-28).

Ons kan die ses skeppingsdae se gebeure soos volg opsom (kyk asb na die tabel wat ek in die notas van die preek ingesluit het):

Dag	Gebeure	Dag	Gebeure	Doel
1	Skeiding van lig en donker / dag en nag	4	Son, maan, sterre	Heers oor dag en nag, jare en seisoene
2	Skeiding van water bo die gewelf (hemel) en water onder die gewelf	5	Voëls en seediëre	Vermeerder en vul die hemel en die water onder die gewelf
3	Skeiding van droë aarde en see Skep van plante	6	Landdiere, mens	Vermeerder en vul Onderwerp die aarde Heers oor die diere Plante dien as kos

Dit is onmiskenbaar duidelik dat daar verwantskappe is tussen dae 1 en 4, 2 en 5, en 3 en 6:

- Die son, maan en sterre (dag 4) heers oor die dag en nag (dag 1). Hulle het ‘n doel – hulle is tydhouders wat heers oor dag en nag, asook die seisoene.
- Die voëls en seediëre (dag 5) moet vermeerder en die hemel en “water onder die gewelf” (dag 2) vul.
- Net so moet die landdiere en die mens (dag 6) vermeerder en die droë aarde (dag 3) vul. Boonop moet die mens die aarde onderwerp en heers oor die diere. Die plante (dag 3) is ook juis daar as voedsel vir die diere en die mens (dag 6).

Die fokus van dae 1-3 is om ‘n omgewing te skep wat gunstig is vir die onderskeie funksionaris wat God op dae 4-6 skep om hulle rolle te vul. Hierdie funksionaris het enersyds ‘n heersersrol (son en maan, asook die mens) en andersyds ‘n “vermeerder en vul” rol (diere en ook die mens). Ek hoop dit word duidelik hoekom ons laasweek gesê het as jy deur die detail in Gen 1 werk, kom jy al hoe meer onder die indruk die materiaal is gerangskik met ‘n ander doel as om primêr chronologie aan te dui. Die leë, woeste en donker aarde van vers 2 word op dae 1-3 omskep in ‘n omgewing waarin verskeie funksionaris hulle rolle kan vervul. Hierdie funksionaris word vervolgens op dae 4-6 geskep elkeen met ‘n doel: die son en maan om lig te gee en te heers oor dag en nag / jare en seisoene, die voëls en seediëre om in die lugruim en die see te vermeerder totdat dit wemel van lewe, die

landdiere en die mens om op land te vermeerder, en die mens om boonop ook die aarde te onderwerp en te heers oor die diere.

Let ook op na wat God se handeling was gedurende hierdie ses dae: Aan die begin was die aarde woest, leeg en donker (Genesis 1:2). Dan bring God orde deur dag en nag, hemel en aarde asook aarde en see van mekaar te skei. Die feit dat God hierdie orde bring, toon dat Hy 'n heersersrol vervul. Daarna begin God om die aarde te vul met plante, met die son, maan, sterre, met die eerste voëls en seediëre, met die eerste landdiere en ook die eerste mense. God het dus 'n heersersrol asook 'n "vulrol" vervul gedurende die ses skeppingsdae. Die mens, wat na die beeld van God geskape word, ontvang ook hierdie twee verantwoordelikhede: Hulle moet vermeerder en die aarde vul, asook heers deur die aarde te onderwerp en oor die diere te heers. Die feit dat die mense dieselfde rolle moet vervul as wat God vervul het gedurende die skeppingsdae, verklaar ten minste gedeeltelik wat dit beteken om na die beeld van God geskape te wees – hulle het dieselfde rolle as wat God gehad het tydens die skepping, dit beteken in 'n sekere sin lyk hulle soos God. Ek hoop om by 'n volgende geleentheid meer hieroor te sê.

Die fokus van Genesis 1 is dus om die doelmatigheid in God se skepping uit te lig. Dae 1-3 se doel is om die aarde gereed te maak, sodat die funksionariese, wat gedurende dae 4-6 geskep word, hulle onderskeie rolle kan vervul. Die klem is dus nie soseer om chronologie van die skeppingsgebeure oor te dra nie – maar eerder om die doel van elke element in die skepping uit te lig.

Die verband tussen Genesis 1:1-2 en die ses skeppingsdae

Kom ons dink vervolgens 'n bietjie verder oor die verband tussen Gen 1:1-2 en die ses skeppingsdae.

Vers 2 beskryf die aarde as: woest, leeg, donker en onder water. Let nou op wat gebeur gedurende die 6 skeppingsdae:

- Op dag 1 maak God lig – dit spreek die donker op die aarde aan waarvan vers 2 gepraat het. Voor dag 1 was dit donker, na dag 1 was daar lig en donker.
- Op dag 2 skei God die "hemel", oftewel die water bo die uitspansel, van die water onder die uitspansel. Op dag 3 skei God die see van die land. Dae 2 en 3 spreek die woeste en "onder water" kondisies van vers 2 aan. Na dae 2 en 3 is die aarde georden met hemel, see en aarde. Dis nie meer woest nie, dis nou bewoonbaar. Dit is nie net water nie – daar is die lugruim, die see en die droë land.
- Op dag 4 plaas God ligte in die hemel, op dag 5 vul Hy die hemel met die eerste voëls en die see met die eerste seediëre, en op dag 6 vul Hy die aarde met die eerste landdiere en eerste mense. Gedurende dae 4-6 spreek God dus die leegheid van die aarde in vers 2 aan.

Die gebeure op die ses skeppingsdae verander die woeste, donker, leë en waterbedekte aarde van vers 2 eers na 'n plek waar lewe moontlik is, en plaas daarna die eerste vorms van lewe daarin. Dit is groot vooruitgang vanaf vers 2. Vers 2 is dus 'n beskrywing van die toestand van die aarde voor die begin van die skeppingsweek.

Ek is egter oortuig dat God baie meer kommunikeer as bloot dat die aarde fisies donker was voor dag 1, en dat God op dag 1 fisiese lig skep en dit fisies skei van donker sodat daar dag en nag kan wees. Soos wat jy deur die Bybel lees, kom jy agter lig word geassosieer met die goeie dinge, terwyl donker geassosieer word met die slegte. As Jesus kom, lees ons dat Hy die ware lig is wat na die wêreld gekom het en wat elke mens verlig (Johannes 1:9). In Openbaring 21:25 lees ons van die Nuwe Jerusalem dat "daar sal ook nie meer nag wees nie". Op daardie stadium aan die einde van die tyd het die donker dus heeltemal verdwyn, en net die lig bly oor. Duidelik is hier 'n ontwikkelingslyn

deur die hele Bybel: Voor die ses skeppingsdae – slegs donker. Na dag 1 – lig en donker. Na dag 4, die son en maan om lig te gee bedags, sowel as snags. Deur die loop van die Bybelgeskiedenis is daar voortdurend spanning tussen lig (die goeie) en donker (die slegte). Dan kom Jesus as dié Lig, en wanneer die nuwe Jerusalem uit die hemel neerdaal, is daar net lig. Die begin van die ontwikkelingslyn lê in Gen 1, en as jy die res van die Bybel in gedagte hou, begin jy verstaan Gen 1 gaan oor meer as net die skep van fisiese lig – ja, dit gaan ook oor God wat fisiese lig skep, maar dit is verhewe prosa met 'n dieper en ryker betekenis wat wys na die Seun wat gaan kom as dié Lig wat die duisternis heeltemal gaan oorwin.

Daar is 'n soortgelyke ontwikkelingslyn rondom dag 2. Op dag 2 skei God die water bo die gewelf van die water onder die gewelf. Vers 8 sê God het die gewelf hemel genoem. Ja, dit is so dat Gen 1 sekerlik eerstens die fisiese hemel in gedagte het. Maar, as jy die Bybel verder lees, kom jy agter die hemel is waar God se troon is – lees maar Jesaja 66:1; “So sê die Here: ‘Die hemel is My troon, en die aarde die voetbank van my voete’”. Die aarde, daarteenoor, is natuurlik waar die mense woon. En tog, as God Sy verbond met Abraham instel, sê God dat Hy vir Abraham en sy nageslag 'n God sal wees en ook dat Hy aan hulle 'n besondere woonplek sal gee – die beloofde land. Wanneer die Sinaiverbond opgerig word en God aan die volk die opdrag gee om die tabernakel te bou, sê God: “Hulle moet vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan vertoef” (Eks 25:8). Ons sal later weer in meer detail na die tabernakel kyk, maar hier is reeds 'n aanduiding dat God hierdie afstand tussen hemel en aarde wil uitwis. Wanneer Jesus kom, word Hy Immanuel genoem – dit beteken: God by ons (Jesaja 7:14, Matteus 1:23). As Jesus opvaar hemel toe, stuur Hy Sy Heilige Gees om by sy dissipels te wees – weer 'n vorm van God wat by ons, selfs in ons, woon (Lukas 24:49). Wanneer Openbaring ons vertel van die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal, lees ons: “Kyk die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God” (Openbaring 21:3). Boonop lees ons dat daar geen tempel in die stad gesien is nie, want die Here God en die Lam is die tempel. Weereens het ons 'n ontwikkelingslyn: skeiding tussen hemel en aarde op dag 2, die tabernakel/tempel as skakel tussen hemel en aarde in die Ou Testament, eers Jesus en later die Heilige Gees as skakel tussen hemel en aarde in die Nuwe Testament, en dan geen skeiding meer in die hiernamaals nie, omdat God dan onder Sy volk woon.

Kom ons kyk na dag 3. Op dag 3 skei God die see van die droë grond. Soos wat jy verder in die Bybel lees word die see (of water) tipies geassosieer met die bose, en veral met God se oordeel daaroor. Dink maar aan die sondvloed (Genesis 6-9), of die tog van God se uitverkore volk op droë grond deur die Rooisee, terwyl die Egiptenare verdrink (Eksodus 14). In Daniël 7 sien Daniël 'n visioen van verskeie diere wat verskillende toekomstige koninkryke verteenwoordig, maar wat op die ou end deur die Seun van die Mens onderwerp sal word. Opmerklik is dat hierdie diere uit 'n onstuimige see na vore kom. Maar lees jy in Openbaring 21:1 van die nuwe Jerusalem, dan staan daar: “... en die see het nie meer bestaan nie”. Hier is weereens 'n ontwikkelingslyn: van 'n aarde voor die skeppingsweek wat bedek is met water, na 'n see wat geskei is van die droë grond op dag 3, deur die Bybelgeskiedenis waar die see simbool is van God se oordeel oor die slegte nasies, tot by die nuwe Jerusalem wat uit die hemel neerdaal na die finale oordeel, waar daar geen see meer sal wees nie.

My punt is dit: Ja, in Genesis 1 en 2 is God besig om die fisiese hemel en aarde te skep. Maar terselfdertyd is God besig met die begin van 'n baie groter openbaring as bloot die fisiese skep van die heelal. God kommunikeer terselfdertyd dat daar stryd is tussen goed en sleg. Dieselfde terme wat God gebruik om na die fisiese werklikheid te verwys, word verder in die Skrif gebruik om die stryd tussen God en die bose te beskryf. Daar is vordering van 'n donker, woeste, leë aarde in Genesis 1:2, na 'n geordende skepping waar daar lig én donker is, hemel én aarde én see na dag 3.

Maar na dag 3 is God se skeppingswerk steeds nie klaar nie. Vanaf dag 4 begin God om hierdie geordende skepping te vul met funksionaries wat elkeen 'n spesifieke rol het. Die son en maan is die tydhouers, God vul die hemelruim met die eerste voëls, maar hulle moet vermeerder sodat die hemelruim wemel met voëls. God vul die see met die eerste seedië, maar hulle moet vermeerder sodat die see sal wemel met seedië. God vul die land met die eerste landdiere, en ook met die eerste mense, maar hulle moet vermeerder sodat die land sal wemel met lewe. Hoekom?

In Jesaja 45:18 lees ons: “Ja, so sê die Here wat die hemel geskep het – Hy is God – wat die aarde gevorm en dit gemaak het – Hy het dit gevestig – nie as 'n onherbergsame plek het Hy dit geskep nie, maar om bewoon te word, het Hy dit gevorm: ‘Ek is die Here, en daar is geen ander nie’”. Hier kry ons weer die beklemtoning wat ons in Genesis 1 sien. Aan die een kant moet ons raaksien God is die Skepper. Maar ons sien ook dat God dit doelgerig gemaak het – Hy het dit doelgerig gereed gemaak – nie as 'n onherbergsame plek nie (onthou, dit was juis die uitkoms van dae 1-3: na dag 3 was die aarde gereed vir lewe), nie om leeg te wees nie, maar bewoon te word. Dit is geen wonder dat daar soveel klem in Genesis 1 is op die verskillende vorms van lewe om te vermeerder en die aarde te vul nie. God se oorkoepelende doel is dat die aarde herbergsaam moet wees en ook gevul moet wees met lewe. Daarom vul God die aarde met die eerste vorms van lewe, maar daarom gee Hy ook aan hulle die opdrag om te vermeerder en te vul. Gedurende die skeppingsweek begin God net om te vul, en dan verwag Hy van die verskillende lewensvorme dat hulle elkeen sal vermeerder en hulle deel van die skepping sal vul. As jy sou wonder hoekom God wil hê dat die aarde gevul moet word met lewe, is die antwoord: God wil dat die verskillende vorms van lewe sal verstaan Hy is God en dat Hy waardig is om verheerlik te word. Onthou Ps 72:18-19: “Die Here God, die God van Israel, moet geprys word, Hy wat wonders doen, net Hy alleen. Sy luisterryke Naam moet vir ewig geprys word; mag Sy heerlikheid die hele aarde vul. Amen, amen”. God se wil is dat die hele aarde gevul sal wees met lewe, en dat hierdie lewende wesens Hom sal verheerlik – en so sal die aarde gevul wees met Sy heerlikheid!

Hoe gaan dit realiseer? Wel, deur God se skepping. God het juis die aarde so gemaak dat dit geskik is vir lewe. Daar is lewe in die lug, die see en op die droë grond. Die hemelliggame is daar om tyd te hou sodat daar dag en nag kan wees, asook seisoene. Lewende skepsels het dag en nag nodig vir lewe (rus is essensieel). Seisoene is daar sodat daar plante kan wees as voedsel vir die diere en die mens. God wil nie hê die aarde moet leeg wees nie. Dit moet vol lewe wees – dit moet krioel van die lewe in die lug, die see en op die aarde! Natuurlik moet hierdie verskillende vorms van lewe Godverheerlikend lewe. Dan voldoen dit aan God se doel!

As hulle hierdie verantwoordelikhede suksesvol nakom, sal dit uitloop op die oorwinning van lig oor donker, die see sal verdwyn en die hemel sal na die aarde neerdaal – en dan sal God se heerlikheid volledig die aarde vul, en God se doel met die skepping realiseer!

Ons weet egter dat die mens nie sy verantwoordelikheid nagekom het nie, maar in sonde geval het. Dit het verskeie implikasies waarna ons later in meer detail sal kyk. Dit is egter belangrik om raak te sien dat daar al spanning is tussen lig en donker voor die sondeval. Ons sal later besin oor waar hierdie spanning vandaan kom. Maar neem ten minste kennis van hierdie spanning, en sien raak dat dit as gevolg van hierdie spanning is dat God aan Adam die opdrag gee om die aarde te onderwerp. Ja, God het begin om lig en donker / goed en sleg van mekaar te skei gedurende die skeppingsweek. Maar Adam het die verantwoordelikheid om dit verder neem – tot net die lig oorbly. Ek beplan om volgende week meer aandag hieraan te gee.

Afsluiting

Ek hoop ook dat dit duidelik is dat God in Genesis 1 baie meer aan ons openbaar as om die chronologie van Sy skeppingshandelinge gedurende die ses skeppingsdae te kommunikeer. Dit is veel belangriker om raak te sien dat God die Skepper is, en dat Hy 'n doel het met Sy skepping. Hierdie doel is dat God se heerlikheid die hele aarde sal vul. Om hierdie doel te bereik het Hy die skepping herbergsaam gemaak, Hy het doelmatigheid in die skepping ingebou en verskeie funksionaries aangestel om elkeen hulle rol te vervul sodat Sy doel bereik kan word. As hulle hul verantwoordelikhede nakom, sal die skeiding wat God tussen lig en donker, en tussen die hemel, aarde en see, voltooi word deurdat daar net lig sal wees, deurdat die see sal verdwyn en deurdat God uit die hemel sal kom en onder Sy volk op die nuwe aarde sal woon. Hierdie volk sou dan ook intussen vermeerder het en die aarde gevul het. En so sal God se heerlikheid die hele aarde vul – tot Sy eer.